

# Handleiding vir landsburgers

## ▶ Hoe om 'n grondeis in te stel

Wet op Herstel van Grondregte, 1994 (Wet No. 22 van 1994), soos gewysig in 2014

Ommekeer van die nalatenskap van die Wet op Naturelle-grond, 1913

COMMISSION ON RESTITUTION OF LAND RIGHTS



Hierdie brosjure is vir eisinstellers wat ná 19 Junie 1913 grondregte verloor het.

Dit is onwettig om 'n vals eis in te dien, insluitende die nie-bekendmaking van potensiële belanghebbende partye.

Dit is ook onwettig vir 'n persoon om iemand anders te verhinder of te dwarsboom om 'n eis in te stel.

# INHOUD

VOORWOORD 2
AGTERGROND 3
WAT IS 'N GRONDEIS? 3
WAT IS 'N GRONDREG? 3
WIE KAN 'N GRONDEIS INSTEL? 4
EISINSTELLERSKATEGORIEË 4
WIE MAG NIE 'N EIS INSTEL NIE? 4
WAARHEEN KAN U GAAN OM 'N GRONDEIS IN TE STEL? 5
WATTER DOKUMENTE MOET U BRING OM 'N EIS IN TE STEL? 5
WATTER INLIGTING IS NODIG? 6
HOE OM 'N EIS IN TE DIEN 6
STAPPE IN DIE GRONDEISPROSES 6
WAT U KAN VERWAG? 7
PROSES NA EISINSTELLING 7
HOE OM U EIS OP TE VOLG 7
ONDERSTEUNENDE DOKUMENTASIE 8
REGERINGSDEPARTEMENTE EN -AGENTSKAPPE WAT U MET INLIGTING KAN HELP 9

# VOORWOORD



OP 25 November 1994 het die eerste President van die demokratiese Suid-Afrika, wyle mnr. Nelson Rolihlahla Mandela, die Wet op Herstel van Grondregte onderteken. Hierdie Wet maak voorsiening vir restitusie of billike herstel aan mense en gemeenskappe wat van grondregte ontneem is ná 19 June 1913, as gevolg van voorheen ras-diskriminerende wette of praktyke en wat 'n eis by die Kommissie vir die Herstel van Grondregte ingestel het.

Die Wysigingswet op Herstel van Grondregte, 2014 het die datum vir die instel van grondeise verleng vir diegene wat nie geëis het teen die aanvanklike sperdatum van 31 Desember 1998 nie. Die nuwe sperdatum vir die instel van grondeise is 30 Junie 2019.

Teen 31 March 2014 is altesame 77 622 grondeise afgehandel deur die Kommissie vir die Herstel van Grondregte. Dit het tot gevolg gehad dat 3,078 miljoen hektaar goedgekeur is vir afhandeling (waarvan 1,6 miljoen hektaar aan begunstigdes oorgedra is). Altesame 371 191 huishoudings waarby 1,83 miljoen individue betrokke is, het baat gevind by die afhandeling van die eise. Die begunstigdes vir die afgehandelde eise sluit 138 487 huishoudings met 'n vrou as hoof in.

Sedert 1995, soos op 31 Maart 2014, was die totale uitgawes vir die grondherstelprogram R24.411 miljard, waarvan R7,063 miljard as finansiële vergoeding betaal is aan begunstigdes wat kontantbetaling verkies het.
'n Bedrag van R15,889 miljard is vir grondverkryging betaal; en R1,458 miljard is toegeken as toelaes om begunstigdes te ondersteun wat grondherstel gekies het.

Indien die eisinstellers, wat finansiële vergoeding gekies het, grondherstel gekies het, sou 'n bykomende 1,99 miljoen hektaar grond herstel gewees het.

Ongeveer 8 471 grondeise wat voor die 1998 afsnydatum ingestel is, is nog nie afgehandel nie, terwyl ander slegs in dele afgehandel is. Hierdie uitstaande eise sal saam met die nuwe eise verwerk word; met prioriteit vir betaling gegee aan diegene wat voor 1998 ingestel is.

Die Kommissie vir die Herstel van Grondregte is daartoe verbind om almal wat vir die herstel van grondregte kwalifiseer, te help in lyn met die bepalings van die Grondwet van Suid-Afrika.

Die instel van 'n grondeis is 'n gratis regeringsdiens. U hoef geen bedrag geld te betaal om 'n grondeis in te stel nie.



**Nomfundo Gobodo**
Hoofgrondeisekommissaris

## ▶ AGTERGROND

- Die reg op herstel is een van die regte in die Handves van Regte in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Die herstelproses word deur die Wet op Herstel van Grondregte, 1994, gereguleer.
- Die Wet op Herstel van Grondregte het die Kommissie vir die Herstel van Grondregte en die Grondeisehof ingestel. Die Kommissie moet eise aanvra, diegene help wat eise wil instel, die eise ondersoek en poog om dit deur onderhandeling en bemiddeling op te los. Die Grondeisehof is 'n spesialishof wat geskille beoordeel oor kwessies rakende grondeise en regte van plaasbewoners.
- Die Wet op Herstel van Grondregte het oorspronklik vereis dat grondeise voor 31 Desember 1998 ingestel moes word.
- Dié Wet is gewysig om diegene wat die aanvanklike sperdatum gemis het, toe te laat om eise in te stel.

## ▶ WAT IS 'N GRONDEIS?

'n Grondeis is 'n skriftelike versoek deur iemand, 'n regstreekse afstammeling van iemand, 'n boedel of gemeenskap vir die teruggee van grond, regte op grond, of ander billike herstel wat by die Kommissie vir die Herstel van Grondregte op voorgeskrewe wyse ingestel is.

## ▶ WAT IS 'N GRONDREG?

'n Grondreg is 'n geregistreerde of ongeregistreerde reg op grond, die belange van huurarbeiders en deelsaaiers, gewoonteregtelike belange, die belange van 'n begunstigde kragtens 'n trustooreenkoms en 'n voordelige besetting vir 'n aaneenlopende tydperk van meer as tien jaar.

Mense moet grond beset het OF bewys daarvan hê in die vorm van 'n dokument, bv. 'n titelakte, toestemming om te beset, ens. vir hulle om 'n reg op grond te hê.



## ▶ WIE KAN ’N GRONDEIS INSTEL?

Iemand of ’n gemeenskap wat van ’n reg op grond onteien is ná 19 Junie 1913 as gevolg van vroeëre ras-diskriminerende wette of praktyke, en wat nie regverdige en billike vergoeding ten tye van onteiening gekry het nie, kan die reg op grondherstel of billike regstelling eis.

## ▶ EISINSTELLERSKATEGORIEË

- Individue wat van ’n grondreg onteien is.
- ’n Regstreekse afstammeling van ’n persoon met ’n grondreg (soos die vrou of kinders).
- ’n Regspersoon, soos ’n maatskappy of ’n trust.
- ’n Eksekuteur of ’n administrateur van ’n boedel van ’n ontslape persoon.
- ’n Verteenwoordiger van ’n gemeenskap.

## ▶ WIE MAG NIE ’N EIS INSTEL NIE?

- Diegene wat voorheen ’n eis ingestel het en regstelling (grond of finansiële vergoeding) ontvang het, mag nie weer vir dieselfde reg-verlies eis nie.
- As u voorheen ’n eis ingestel het, maar nog nie vergoed is nie, verifieer asseblief of die provinsiale kantoor u oorspronklike eis het, voordat u weer ’n eis indien. Moenie opnuut eis indien u eis nog verwerk word nie.
- Dit is onwettig om ’n vals eis in te stel, insluitende om ander potensiële belanghebbende partye nie bekend te maak nie.



## ▶ WAARHEEN KAN U GAAN OM 'N GRONDEIS IN TE STEL?

Daar is 14 indieningskantore regoor die land. Bel die vrybelnommer 0800 007 095 vir die kontakbesonderhede van die kantoor naaste aan u of besoek enige van die volgende kantore:

### GAUTENG
- Baileystraat
  (Hoek van Steve Biko- en Johannes Ramokhoasestraat)
  **Arcadia, Pretoria**

### VRYSTAAT
- Ou Posbankgebou,
  Hoek van Oos-Burger- en Selbournestr
  **Bloemfontein**

### KWAZULU-NATAL
- Umhlaba House,
  Langalibalelestraat 139
  **Pietermaritzburg**
- Highstraat 158-160
  **Vryheid**

### OOS-KAAP
- Ou SARS-gebou, Stasiestraat 22
  **Oos-Londen**
- Prince Alfredstraat 66
  **Queenstown**

### NOORD-KAAP
- Hyesco-arkade, Old Mainweg 4-8
  **Kimberley**

### NOORDWES
- Eenheid 4, Batlhapingstraat
  (Langs SARS-gebou)
  **Mmabatho, Mahikeng**
- Prime Plazagebou, Marketstraat 52
  **Vryburg**

### WES-KAAP
- Van der Sterr-gebou, Rhodeslaan
  **Mowbray, Kaapstad**
- 33 Shamrock Place, Yorkstraat 97
  **George**

### LIMPOPO
- Biccardstraat 61
  **Polokwane**

### MPUMALANGA
- Restitution House,
  Samora Machelrylaan 30
  **Mbombela**
- 23 Hi-Tech House,
  Hoek van Botha- en Rhodesstraat
  **eMalahleni**

Mobiele kantooreenhede sal na geïdentifiseerde areas in al die provinsies gaan om enige eisinsteller te help wat nie kantore kan besoek nie. Inligting oor al die indieningskantore is ook beskikbaar op www.ruraldevelopment.gov.za




## ▶ WATTER DOKUMENTE MOET U BRING OM 'N EIS IN TE STEL

- 'n Gesertifiseerde kopie van u Suid-Afrikaanse, groen strepieskode-identiteitsdokument of Smart ID-kaart.
- 'n Volmag indien u namens u familie of gemeenskap optree, onderteken deur twee getuies (volmag), indien u namens u familie of gemeenskap optree.
- 'n Lys van die mense wat u verteenwoordig.
- 'n Brief van die Meester van die Hoë Hof indien u die eksekuteur van 'n boedel is.
- Skriftelike besluit van 'n gemeenskapsvergadering, onderteken deur die persoon wat die vergading gefasiliteer het, indien u namens 'n gemeenskap 'n eis instel (gemeenskapsresolusie).

## ▶ WATTER INLIGTING IS NODIG?

- Die beskrywing van die eiendom, bv. plaasnaam en nommer van erf of erfnommer in ’n stedelike gebied.
- Inligting oor die departement of staatsorgaan wat die grond bekom het, bv. Departement van Naturellesake.
- Die jaar van onteiening.
- Watter vergoeding toe betaal is?
- Besonderhede van die persoon wat die reg verloor het.
- Besonderhede van die eisinsteller en die hoedanigheid waarin u optree, bv. gemeenskapsverteenwoordiger, seun, eksekuteur van ’n boedel, ens.
- Geskiedenis van grondonteiening.

## ▶ HOE OM ’N EIS IN TE DIEN

Eise moet op ’n voorgeskrewe vorm ingedien word by ’n gedesigneerde indieningskantoor, wat by indiening elektronies vasgelê sal word.

Vorms word nie versprei nie. U moet ’n indieningskantoor besoek om te eis. U het tot 30 June 2019 om ’n grondeis in te stel. Mobiele indieningskantore sa u distrik tydens die eistydperk besoek.

## ▶ STAPPE NODIG IN DIE GRONDEISPROSES





**STAP 1: ONTVANGS**
Die personeel by die ontvangstoonbank sal nagaan of u al die regte dokumente het en u raad gee.



**OM ’N EIS IN TE STEL IS GRATIS!**



**STAP 2: VASLEGGING**
Die personeel in die vasleggingsafdeling sal u help om u eis elektronies vas te lê.





**STAP 3: BEVESTIGING**
U sal ’n brief ontvang ná die vaslegging van u eisinligting. Die brief sal ’n unieke verwysingsnommer verstrek wat bewys dat u ’n eis suksesvol ingestel het.

**STAP 4: KENNISGEWING**
U sal binne 48 ná indiening ‘n SMS ontvang wat bevestig dat ons u eis ontvang het. U eis sal ondersoek word en u sal gereeld of op versoek, oor die vordering, in kennis gestel word.

## WAT U KAN VERWAG

Die Kommissie vir die Herstel van Grondregte se personeel moet u help met die invul van u eis.

**GEEN EISVORM SAL AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK VERSPREI WORD NIE.**

**U HOEF GEEN BEDRAG GELD TE BETAAL OM 'N EIS IN TE STEL NIE.**

U dokumentasie sal elektronies vasgelê word en 'n kennisgewing van ontvangs sal op die perseel aan u uitgereik word. Indien u nie 'n kennisgewingsbrief op die perseel ontvang nie, is u eis nie behoorlik ingedien nie. Dring asseblief aan op 'n kennisgewingsbrief.


Verstrek altyd u unieke verwysingsnommer (soos sit in u kennisgewingsbrief staan) in al u korrespondensie met die Kommissie.

## PROSES NA EISINSTELLING

Die Kommissie sal dan die meriete van u eis ondersoek. Indien daar geskille is, sal die Kommissie bemiddel en probeer om die geskille te besleg. Die Kommissie sal u gereeld inlig oor vordering met u eis of op u versoek.

## HOE OM U EIS OP TE VOLG

U kan die vrybelnommer 0800 007 095 bel of die provinsiale kantoor kontak vir inligting oor vordering met u eis.



## ▶ ONDERSTEUNENDE DOKUMENTASIE

Die Kommissie vir die Herstel van Grondregte vereis inligting om te beslis oor of 'n eis geldig is en verwerk kan word.

Dit sluit die geskiedenis van besetting in, en kan insluit dokumentasie uit argiewe, aktes registrasies, inligting betreffende maatskappye, en inligting betreffende onteienings (deur wie en hoe dit uitgevoer is), waar relevant.

Enige bykomende dokumentasie wat die Kommissie kan help om u eis te versnel, word verwelkom. Maak asseblief seker sodanige dokumentasie is behoorlik ingedien tesame met u eis en dat ontvangs van u dokumentasie deur die Kommissie erken is.



## ▶ REGERINGS-DEPARTEMENTE EN -AGENTSKAPPE WAT U MET INLIGTING KAN HELP


### REGISTRATEUR VAN AKTES
Titelaktes, Kennisgewings van Onteiening, regte geregistreer teen die titel, eiendombeskrywings, besonderhede van eienaars op verskillende tye.

### LANDMETER-GENERAAL
Beskrywing van eiendomme, nou en ten tye van onteiening.

### MEESTER VAN DIE HOË HOF
Inligting oor bestorwe boedels en trusts.

### NASIONALE EN PROVINSIALE ARGIEWE
Inligting betreffende grondonteienings: hoe en deur wie dit uitgevoer is.

Inligting betreffende die kontakbesonderhede van die regeringsdepartemente en agentskappe hierbo gelys kan verkry word deur die vrybelnommer 0800 007 095 te bel of die webwerf te besoek: www.ruraldevelopment.gov.za.



COMMISSION ON RESTITUTION OF
LAND RIGHTS


**KONTAKBESONDERHEDE:**
Privaatsak X833, Pretoria, 0001
Jeff Masemolastraat 184, Pretoria
Faks: (012) 328 7133
Vrybel: 0800 007 095
E-pos: claim@ruraldevelopment.gov.za
Webwerf: www.ruraldevelopment.gov.za


K-11565 [www.kashan.co.za]